# AFRIKAANS HUISTAAL

## VRAESTEL 1

## GRAAD 12

## JUNIE 2019

**PUNTE: 70** **TYD: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS**:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en –konvensies | (30) |

2. Beantwoord al die vrae.
3. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
4. Trek ‘n streep na elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Skryf slegs in blou inkpen.

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**


VRAAG 1

**Opdrag:** Lees en kyk na die volgende drie tekste hieronder en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

**TEKS A: RESENSIE**

# Nagmerries uit die newels hier opgejaag

**Geharde lesers van die genre verwag die ergste, maar sagmoediges kan dink dat hulle met Medusa in ʻn uitgesoekte hoekie van die hel verdwaal het, skryf Schalk Schoombie.**




Misdaadfiksie
Medusa
Rudie van Rensburg
QUEILLERIE, R275

1 Rudie van Rensburg, skrywer van ses misdaadromans met een- woordtitels *(Kamikaze, Ys)* en een komiese roman oor ’n opstand in ’n ouetehuis *(Hans steek die Rubicon oor),* steek ’n donker grens oor met sy agtste roman, *Medusa.*

2 Die gegewe in die boek is ontstemmend, skrikwekkend, grieselig. Van Rensburg erken dat die temas van mensehandel en pedofilie hom uit sy gemaksone gehaal het - wat as vermaning (en lokaas) dien.

3 Geharde verbruikers van die genre verwag die ergste, maar sagmoediges kan dink dat hulle met *Medusa* in ’n uitgesoekte hoekie van die hel verdwaal het. Aldus die skrywer: “Die vrees was altyd daar dat ek die grense van fatsoenlikheid kon oorskry, wat meegebring het dat ek sekere dele verskeie kere herskryf het.”

5 In ’n tyd van hiper-*hype,* slim bemarking en Trumpiaanse oordrywing, is daar haas geen onderwerp of taboe wat nog nie uitgeskryf of deurgetrap is nie. Vir die oorversadigde leser van misdaadlektuur is dit weliswaar ’n kwessie van graad: hoe erg is erg?

6 Die keer sny die uitgeslape kapt. Kassie Kasselman en sy kollega Rooi Els die spoor van ongenaakbare boosdoeners wat jong kinders en hul ma’s laat verdwyn. Aanvanklik is daar meer doodloopstrate en gekruisde lyne as leidrade, totdat die naakte, opgekerfde lyke van drie blonde vroue opgediep word.

7 Kassie se beklemming oor die saak is aansteeklik. Dis veral die lot van die verdwene kinders wat hom slapelose nagte besorg en dryf tot ongesonde gewoontes (drank is gelukkig nie een daarvan nie). Struikelblokke ontspoor hom byna, maar ’n gedugte bloedhond byt vas.

8 Van Rensburg ken sy storie, en dis ’n spannende een wat die leser in ’n wurggreep klem. Met diaboliese presisie knoop hy verskeie karakterperspektiewe en storielyne saam. Op die kronkelpad is daar genoeg haarnaalddraaie om jou ’n naar kol op die maag te gee. Eers reg teen die einde word een randfiguur se gekonkel uiters bevredigend by die groter legkaart ingepas.

9 Navorsing word kundig verweef met die karakters se handeling: hoe pedofiele hul jong slagoffers mak maak *(groom),* hoe Facebook ingespan word om slagoffers van enige ouderdom te lok, die siklus van ’n reeksmoordenaar se perversiteit, al die slaggate wat ’n taakmag moet navigeer. Die titel wek verwagting. Kassie verwys na die Griekse oorspronge van die onheilsnaam; die drie lelike susters met slymerige skubbe, lang geel tande en sissende slange op die kop: “Die afstootlikste van die drie was Medusa. Enigiemand wat haar aankyk, het dadelik in klip verander.”

10 In die openingshoofstukke ontvou ’n beknopte geskiedenis van “Lelike Lila Liebenberg”, soos sy deur haar skoolmaats gespot is, ’n ontluikende psigopaat wat koel-bloedig afreken met iedereen wat in haar pad staan en munt slaan uit die lyding en afwykings van haar medemens

11 Lila het “die perfekte moord” gepleeg vir ’n ruim erfporsie en dobbel haar dae om, tot sy die ingewing kry om nog groter te waag. Mettertyd bestuur sy ’n klub vir molesteerders.

12 <u>Dis net jammer die haatlike manipuleerder word nie verder ontwikkel nie</u>. Die kollig verskuif al te gou na ’n ewe geslepe skadufiguur, ’n pedofiel in ’n magsposisie, terwyl Medusa enduit agter die skerms verdwyn.


13 *Medusa* is ’n newelboek wat nagmerries opjaag. Wanneer die spanning ondraaglik wil raak, herstel die ontknoping die ewewig en laat die leser met ’n ligstraal van hoop; dat euwels soos die hokgeslaan kan word.
Solank Kassie se fut net nie uit is nie.

***Schalk Schoombie** is ’n joernalis en skrywer van Alberton*

Bron: Aangepas uit Beeld (Boeke) Maandag 25 Februarie 2019

Vervolg op volgende bladsy...

## TEKS B: VISUELE TEKS (SPOTPRENT)




Bron: Aangepas uit Die Burger

## VRAE: TEKS A

1.1. Watter genre (Onderkop) word hier geresenseer? (1)

1.2. Wat is die verband tussen die titel van die boek ("*Medusa*") en die sub-titel: ("*waar onheil* ***bakkop*** *staan*")? (2)

1.3. Verklaar die paradoks wat ons in paragraaf 2 vind. (2)

1.4. Waarom het die skrywer dit goedgedink om sekere dele van die boek verskeie kere te herskryf? (1)

1.5. Wat is die resensent se siening van die skrywer en staaf jou antwoord deur 3 opeenvolgende woorde uit paragraaf 8 aan te haal. (2)

1.6. Om hierdie roman 'n sukses te maak, moes Rudie van Rensburg sekere navorsing doen (aldus die resensent).
Noem die 3 dinge waaroor die skrywer moes navorsing doen. (3)

1.7. Wat gee jou die idee dat daar al oor enige tema 'n misdaadroman geskryf en gelees is, en hoe probeer die skrywers hul werk "beter" maak? (2)

1.8. Wat word in par. 13 geïmpliseer? (1)

1.9. a. Wat bereik die resensent deur die omslag van die boek as deel van die resensie te druk? (1)
b. Is jy van mening dat die grafika op die omslag geslaagd is? Motiveer. (1)

1.10. In watter opsig weerspreek die onderstreepte gedeelte in paragraaf 12 die resensent se siening van die skrywer in paragraaf 8? (2)

1.11. Daar is nie 'n ouderdomsbeperking op die boek geplaas nie.
Nou, nadat jy die resensie gelees het, watter ouderdomsbeperking sou jy op die boek plaas en motiveer jou siening binne konteks van die gegewe. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.12. Watter visuele leidraad in Teks B dui daarop dat die pasiënt onder groot emosionele spanning verkeer? (1)

1.13. Lees weer die bordjie teen die dokter se muur.
Waarom sou skisofrene (*Let wel skisofrene betaal dubbel per besoek*) dan juis dubbel moet betaal? (1)

1.14. Watter progressie is daar by die pasiënt se woorde teenwoordig? (2)

1.15. Watter figuurlike betekenis sal dit hê om kaal voor mense te staan? (1)

1.16. Kyk na die muis se spraakborrel.
Wat word met sy verwysing na "Afrikaner" geïmpliseer? (1)

1.17. Watter satiriese uitspraak word hier teen politici gemaak? (1)

1.18. Gee die boodskap van die spotprent in een volledige en taalkundig-korrekte sin. (2)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.19. Bespreek kortliks twee verbande wat daar tussen die twee tekste is? (2)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

---

**AFDELING B: OPSOMMING**

Vraag 2

**Opdrag:** Lees Teks C hieronder en maak 'n opsomming ***van die sewe stappe wat jou sal help om jou drome na te streef.***

LET WEL:

- Jou opsomming moet in jou eie woorde en in taalkundig korrekte sinne aangebied word.
- Jou opsomming moet in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dui die getal woorde onder die werkstuk aan.

**TEKS C**

# Droom groot!

Die lewe kan maar saai wees as jy nie gereeld vir jouself doelwitte stel nie. ’n Droom, maak nie saak hoe klein of groot nie, gee jou daardie ekstra motivering om ’n dag van roetine en ander verantwoordelikhede aan te pak. Kirsten Long, ’n lewenstylgids, gee die volgende wenke oor hoe om jou ideale te benader.

**1** Sommige mense onderdruk hul drome al so lank dat hulle glad nie meer droom nie. Ander mense bestee weer so baie tyd aan hul dagdrome dat hul drome juis net dit bly: blote dagdromery. Slegs mense wat tot aksie oorgaan, het die vermoë om hul drome in realiteit te omskep.

**2** Wat is jou droom? Skep bewustelik tyd in die dag om oor jou drome te dink en selfs nog beter, daaroor te gaan sit en skryf. Verander elke detail totdat dit vir jou perfek is. Probeer verskillende scenario’s en toets watter aspekte van jou drome jou die meeste opgewonde maak. Die drome waaroor jy passievol is, is meer geneig om ’n werklikheid te word.

**3** As jy klaar jou droom gedefinieer het, is dit tyd vir beplanning. Breek jou droom in praktiese stappe af. Neem elke stap en breek dan ook dié stap in kleiner stappies op. Doen dit totdat jy ’n lys van aksies het wat maklik bereikbaar en doenbaar is. Maak dan daardie eerste oproep, registreer vir die kursus wat jy al so lank uitstel, of kontak ’n agent oor die moontlikheid van ’n nuwe werk.

**4** As jy groot dinge wil bereik, moet jy besef elke dag is van belang. Probeer dus elke dag drie dinge doen wat jou nader aan jou droom sal bring. Maak hierdie aksies jou grootste prioriteit vir elke dag. Jy sal só stadig maar seker al hoe nader aan jou doelwit en groot droom beweeg.

**5** Dink jy jou droom is te groot of te onbereikbaar? Niks is onmoontlik nie. Dalk het jy bloot nog net nie hard genoeg en prakties daaroor gedink nie. Dit mag dalk onbereikbaar voel en dit mag jou dalk afsit of afskrik om die nodige stappe te neem, jy mag dit dalk selfs aflag omdat jy voel dit is belaglik. Maar jy kan wel daar uitkom, selfs al neem dit jou ’n leeftyd – dit ís bereikbaar.

**6** Baie mense begin goed met die navolging van 'n doelwit net om weer fokus te verloor omdat hul doelwitte nie duidelik genoeg uiteengesit is nie. Jy moet minstens een keer 'n maand 'n uur neem om na jou doelwit te kyk. Verstel dan daardie prentjie, versamel artikels wat jou inspireer of visualiseer hoe dit sal wees as jy die droom verwesenlik het. Dit alles help jou om gefokus te bly op jou droom.

**7** Ons word deur ons ouers, skole, gemeenskap, vriende of familie gekondisioneer om ons drome realisties te hou. As jou selfbeeld laag is en jy geen selfvertroue in jouself of jou vermoëns het nie, kan jy die gevaar loop om jou drome en begeertes te beperk. As jy klein drome droom, sal jy uiteindelik ook net klein prestasies behaal. As jy egter groot droom en jy slegs die helfte daarvan bereik, bereik jy steeds veel meer as wanneer jy jouself sou beperk het.

(Aangepas) **vrouekeur.co.za**/nuus-vermaak/droom-groot

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Opdrag:** Bestudeer die volgende tekste hieronder en beantwoord dan die vrae kontekstueel wat daaroor gestel is.

**VRAAG 3: WOORDEBOEK-GEBRUIK**

**TEKS D:**

**nag'mer·rie** s.nw.
1 Angstige, benoude droom: *Gereeld nagmerries kry. Natgesweet wakker word van 'n nagmerrie.* Vgl. **Inkubus**.
2. *(fig.)* Skrikbeeld, iets wat verontrustend is: *Die nare taak is vir my 'n nagmerrie. Die nagmerrie van oorlog, droogte, pes. Die sielkundige sukkel nog al die tyd om uit te vind wat skeef geloop het dat ek skielik deur nagmerries geteister word.* (E.K.M. Dido)
[merrie < N. *mare* kwelgees]

Bron: e-HAT 2009

3.1. Watter lettergreep in die woord: *nagmerrie* dra die hoofklem? (1)

3.2. Gee die denotatiewe betekenis van die woord: *merrie* in 'n verklarende sin. (1)

3.3. Verdeel die woord: *nagmerrie* in klankgrepe. (1)

3.4. Sou jy hierdie woord onder leentaal, erftaal of eie taal klassifiseer en motiveer jou antwoord. (2)

**[5]**

## VRAAG 4: ADVERTENSIE

### TEKS E:

afrikaans.com




**Graad 8-12? Neem jou talente in Afrikaans af en kom in aanmerking vir ons R10 000 belegging in jou droom.**

Staan jy graag voor die spieël en verbeel jou jou haarborsel is ’n mikrofoon en jy sing voor duisende? Of is dans of kletsrym jou passie. Dalk droom jy oor jou eerste digbundel of roman in druk. Hoe ook al, drome kan waar word, solank ’n mens nooit ophou droom nie.

In 2017 het Afrikaans.com ons eerste droomgroot-talentkompetisie gehou – #droomgroot17 – en nou maak ons weer so en kan jy **vanaf 1 Julie tot 31 Oktober 2018** aan **#droomgroot18** deelneem, maak nie saak uit watter geweste jy kom nie.

“My verlede bepaal nie my toekoms nie. Wel harde werk en geloof in myself … om nooit op te hou droom nie.” – Ashaan Arries, kletsrymer en wenner van #droomgroot17.

Verlede jaar se wenner van #droomgroot17, Ashaan Arries, het met sy kletsrym-inskrywing bewys dat drome waar kan word, afgesien van ’n mens se omstandighede … solank jy nooit ophou droom nie. Ashaan het sy wengeld gebruik om basiese toerusting aan te koop om hom te help om sy kletsrymliedjies te skryf en op te neem. Hy is boonop ook deur HemelBesem onder die vlerk geneem.

Aangepas:https://afrikaans.com/projekte-wen/droom-groot-met-jou-talent-jy-kan-wen/

4.1. Haal die sinsnede uit die onderkop (r.1-2) van die advertensie aan wat ‘n voorbeeld van manipulerende taal is. (1)

4.2. Skryf Ashaan Arries se woorde: *My verlede bepaal nie my toekoms nie*. (r.10) in die indirekte rede. (1)

4.3. Identifiseer ‘n sinoniem vir die woord: “streek/gebied” in die advertensie. (1)

4.4. Identifiseer die rangtelwoord in r. 7-9. (1)

4.5. Wat is die funksie van die beletselteken in r. 11 ? (1)

4.6. Is die woord: *kletsrymer* (r. 12) 'n voorbeeld van 'n basis, afleiding, samestelling of samestellende afleiding? (1)

4.7. Herlees weer r. 15-17 *Ashaan het sy wengeld gebruik om basiese toerusting aan te koop om hom te help om sy kletsrymliedjies te skryf en op te neem.* Identifiseer die deeltjiewerkwoord in die sin. (1)

4.8. Wat is die betekenis van die idiomatiese benaming: *HemelBesem*? (r. 17 ) (1)

4.9. Herskryf die sin: *Hy is boonop ook deur HemelBesem onder die vlerk geneem.* (r. 17) in die bedrywende vorm. (1)

4.10. Verklaar die idioom: *...onder die vlerk neem...* in r. 17 (1)

**[10]**

**VRAAG 5: STROKIESPRENT**

**Opdrag:** Lees en kyk na die teks op die volgende bladsy en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

**TEKS F:**




Aangepas: Hagar the horrible comic

5.1. Identifiseer die diftong in raampie 4 deur die woord neer te skryf waarin die diftong voorkom en dit dan duidelik aan te dui. (1)

5.2. Hoe word mans in hierdie strokie gestereotipeer? (1)

5.3. Identifiseer die bywoordelike bepaling van graad in raampie 4. (1)

5.4. Benoem die klankverskynsel wat in raampie 3 voorkom. (1)

5.5. Gee die intensiewe vorm van: *skoon* in raampie 4. (1)

5.6. Maak ‘n verklarende sin met die homoniem van: *wees* in raampie 2 (1)

5.7. Met verwysing na raampie 5...
Gee nou die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
Die pasiënt gaan na die sielkundige toe want hy het ‘n (gebreek) gees. (1)

5.8. Herskryf die sin in raampie 6 in die ontkenning. (1)

**[8]**

**VRAAG 6: ARTIKEL**

**Opdrag:** Lees en kyk na die teks op die volgende bladsy en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

**TEKS G:**

# Wat beteken jou drome?

**Het jy ook al oor jou drome gewonder? Dalk moet jy probeer uitvind wat dit vir jou wil sê.**

“Die emosie wat met die droom gepaardgaan, is baie belangrik,” sê prof Kobus. Prof. Kobus wys op betekenisse van die mees algemeenste drome:

**JY IS KAAL:** ’n Kulturele taboe keer jou dalk om die mens te wees wat jy wil en kan wees. Of mense het ’n kant van jou gesien wat jy nie graag wou wys nie en jy is bekommerd wat hulle van jou dink.

**GEBOU:** ’n Kelder kan dui op jou diepste emosies, ’n hysbak op emosies wat erg wipplank ry.

**MOTORS:** As jý bestuur, kan dit beteken jy is in beheer van jou lewe. Kyk wie bestuur as jy die passasier is. Dié mens het waarskynlik baie beheer oor jou lewe. Loop ’n motor met jou daarin agteruit, is jou onbewuste se boodskap: Jy voel dat jy besig is om agter te raak, te stagneer of agteruit te gaan.

**STERK EMOSIES:** Drome waarin sterk emosies soos: “Ek lief jou”, haat en veral skuldgevoelens na vore kom, verteenwoordig gewoonlik die dromer se onbewuste pogings om onafgehandelde sake te probeer verwerk. Onverwerkte gevoelens van aggressie, verwerping en hartseer kan in ons drome manifesteer.

**’n ENGEL:** Dit verbeeld normaalweg jou behoefte aan raad en leiding, of die stem van die goeie in jou.

**NAGMERRIES** Nagmerries kan ’n waarskuwing van te veel onverwerkte trauma wees. Wie het nog nie ’n nagmerrie gehad en huilend, beangs en natgesweet wakker geskrik nie? ’n Nagmerrie is moontlik ’n noodkreet uit jou onbewuste, ’n teken dat jy dringend aandag aan iets moet skenk.

**JY VAL:** Drome dat jy val, dui daarop dat jy (nie jouself kan help nie) voel, óf jy het ’n te hoë dunk van jouself óf jy glo dat jy besig is om jou houvas op die lewe te verloor óf jy koester onrealistiese ideale of fantaseer te veel daaroor. Jou droom is as ’t ware ’n skokbotsing met die werklikheid. Dit kan dui op ’n onbewustelike begeerte om op te gee, of op te hou om jou so hard in te span.

**Aangepas uit vrouekeur.co.za**/leefstyl/menswees/wat-beteken-jou-drome

6.1. Herskryf die vraagsin in r. 2 in ‘n stelsin. (1)

6.2. Korrigeer die taalfout in r. 5. (1)

6.3. Mense het ’n kant van jou gesien wat jy nie graag wou wys nie.
Is hierdie ‘n enkelvoudige of saamgestelde sin? (1)

6.4. Brei die onderstreepte sin in r. 12 -13 uit met ‘n onderwerpsin.
*Dié mens het waarskynlik baie beheer oor jou lewe.* (1)

6.5. Korrigeer die anglisisme in r. 15 – 18. (1)

6.6. Gee een woord vir die omskrywing tussen hakies in r. 25. (1)

6.7. Gee die verkleiningsvorm van die woord: *skokbotsing* in r. 28. (1)

**[7]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

---

**GROOTTOTAAL: [70]**